VOLKSBLAD (Noord Kaap)
18 Mar 2011, p.8

Veldtog boikot robbe-'bloedbad'

■ LEANÉ DU PLESSIS

JOHANNESBURG. – Duisende Namibiese robbe wat jaarliks uitgedun word, het gelei tot 'n veldtog wat dié land se toerismebedryf en produkte gaan boikot.

Ontstoke bekendes vertel van die "bloedbad" wat tussen Julie en November plaasvind, wanneer robbe wreed met knuppels – sommige met spykers aan die voorkante – doodgeslaan word.

"Ons kan nie toelaat dat dit aangaan nie. Dis absurd; ek is gewalg daardeur," het die model en aktrise Christina Storm op 'n nuuskonferensie gesê.

Storm het haar stem by ander bekendes gevoeg wat die Robbe van Nam-veldtog ondersteun.

Bokang Montjane, Mej. Suid-Afrika 2010, die sanger Cito van Wonderboom, Catherine Constantinides van Mej. Aarde Suid-Afrika en die sanger Louise Carver gaan ook Namibië boikot deur nie meer soontoe te reis nie.

Die veldtog is eergister deur die Fur Free South Africa- en Beauty without cruelty-organisasies van stapel gestuur.

Beelde van babarobbe wat met oopgesplete koppe in hul eie bloed lê, sowel as 'n video wat die slagting wys, het dié bekendes woedend gemaak.

"Die visuele beelde gaan my verstand te bowe," het die sakevrou Jenna Clifford, wat ook die veldtog ondersteun, gesê.

In die Namibiese jagseisoen word die meeste van die geteikende 86 000 robbe deur jagters doodgeslaan. Die land se visbedryf is aan die taan en die robbe kry die skuld daarvoor.

Hulle verorber sowat 900 000 ton vis per jaar, het Namibië se minister van inligting, mnr. Netumbo Nandi-Ndai-twah, in 2007 aan die plaaslike koerant *Allgemeine Zeitung* gesê. Dit is sowat 'n derde van Namibië se visbedryf.

Die bulle is veral gesog vir hul geslagsdele, 'n gewilde doepa in Asië; die babas vir hul pels.

Mnr. Francois Hugo, rob-aktivis van Seal Alert, het gesê die doodslanery word as "die aanvaarbare metode" beskou om robbe uit te dun.

Seal Alert probeer die Namibiese regering al drie jaar lank oorreed om die uitdunning te beëindig.

Dié massaslagting het ook al in Nederland en Duitsland opslae gemaak.

Robbe-uitdunning vind ook in Kanada plaas, hoewel dit slegs drie weke van die jaar gebeur en sowat 90% van robbe doodgeskiet word. Suid-Afrika het rob-uitdunning in die vroeë 1990's al verbied.

Die Namibiese departement van visserye en see-hulpbronne kon nie vir kommentaar bereik word nie.

BEKENDES wat hul stem by die veldtog teen robbe-uitdunning in Namibië gevoeg het. Van links is, voor: Denver Burns, Braam Malherbe en Cito van Wonderboom; agter: Jenna Clifford, Bokang Montjane, Catherine Constantinides, Christina Storm, Candice Brink en Louise Carver. FOTO: BONGIWE GUMEDE